CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

# GEDRAGSKODE VIR LEDE VAN WYKSKOMITEES

**GOEDGEKEUR DEUR DIE RAAD : 27 JANUARY 2022**
**C23/01/22**

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.

# GEDRAGSKODE VIR LEDE VAN

# WYKSKOMITEES

GOEDGEKEUR DEUR DIE RAAD:

27 JANUARY 2022

C23/01/22

GEDRAGSKODE
Riglyne

1. 'n Lid van die wykskomitee:

1.1 Moet die funksies van die wykskomitee te goeder trou en sonder vrees, gunste of vooroordeel uitoefen;

1.2 Mag nie die posisie of voorregte van 'n lid vir persoonlike gewin gebruik nie, of om 'n ander persoon onbehoorlik te bevoordeel nie;

1.3 Mag nie op 'n manier optree wat die geloofwaardigheid, onpartydigheid, onafhanklikheid of integriteit van die wykskomitee in die gedrang bring nie;

1.4 Moet die beginsel van verantwoordbaarheid teenoor die gemeenskap en alle politieke partye wat in die raad verteenwoordig word, aanvaar;

1.5 Moet vir die publiek toeganklik wees en verseker dat alle rolspelers by die proses en tersaaklike kwessies aansluiting vind en in staat is om hulle insette in die prosesse van die wykskomitee te lewer;

1.6 Moet die beginsel van deursigtigheid aanvaar om oopheid, opregtheid en eerlikheid onder al die rolspelers in 'n deelnemende proses te bevorder, asook vertroue en respek vir die integriteit van elke rolspeler en 'n verbintenis deur almal tot die oorheersende doelstellings van die proses in openbare belang;

1.7 Moet diversiteit erken en 'n begrip hê vir die verskille wat verband hou met onder andere ras, gender, geloof, etnisiteit, taal, ouderdom, ekonomiese status en seksuele oriëntering;

1.8 Moet alle sienings en menings in die proses van gemeenskapsdeelname respekteer. 'n Spesiale poging moet aangewend word om voorheen benadeelde persone en groepe, insluitend vroue en die jeug, by die aktiwiteite van die wykskomitee in te sluit;

1.9 Moet 'n geldige verskoning aan die voorsitter van die wykskomitee bied indien 'n vergadering nie bygewoon kan word nie.

2. Wykskomiteelede moet 'n gedragskode onderteken, wat deur die wyksraadslid toegepas moet word.

## <u>Gedragskode vir lede van wykskomitees</u>

3. Belange van die gemeenskap

3.1 Komiteelede moet te alle tye die belange van die wykskomitee bevorder en daarvolgens optree;

3.2 Komiteelede mag nie hulle posisie gebruik nie om persoonlike of private belange te bevorder nie. In die geval van 'n potensiële belangebotsing moet sodanige lid hom/haar onttrek;

3.3 Die gedrag van wykskomiteelede moenie deur onbehoorlike motiewe beïnvloed of voorgeskryf word nie;

3.4 Met die uitvoering van hulle funksies moet komiteelede nie enige individue, groepe of organisasies begunstig nie.

4. Wykskomiteevergaderings

4.1 Komiteelede moet minstens ses wykskomiteevergaderings in 'n kalenderjaar bywoon.

4.2 Komiteelede mag nie sonder 'n skriftelike verskoning en die vooraf goedkeuring van die voorsitter van wykskomiteevergaderings afwesig wees nie.

4.3 In die geval van 'n wykskomiteelid wat by twee (2) agtereenvolgende vergaderings afwesig is, sal die subraadsbestuurder in oorleg met die voorsitter van die wykskomitee regstellende stappe doen om die saak met die wykskomiteelid en die betrokke organisasie wat die lid benoem het, te bespreek.

4.4 In die geval waar 4.3 ten volle plaasgevind het (met die wykskomiteelid wat by twee (2) agtereenvolgende vergaderings afwesig was), moet die wykslid se lidmaatskap beëindig word en betaling gestaak word.

4.5 Komiteelede mag nie by enige ontwrigtende gedrag gedurende vergaderings betrokke raak nie.

5. Politieke aangeleenthede

5.1 Komiteelede moet politieke konflik onder mekaar vermy asook politieke konflik tussen hulle, die wyksraadslid en die proporsioneel verteenwoordigende raadslid (PR-raadslid).

5.2 In hulle interaksie met die gemeenskap mag komiteelede nie op grond van politieke affiliasie, kultuur, ras, gender, seksuele oriëntering, gestremdheid, geloof of enige ander gronde wat onbillike diskriminasie uitmaak, diskrimineer nie;

5.3 Komiteelede mag nie in die uitvoering van hulle pligte die belange van enige politieke party bevorder nie;

5.4 Komiteelede mag nie wykskomiteevergaderings as 'n politieke platform of komitee gebruik om politieke ondersteuning vir herverkiesing as 'n wykskomiteelid of wyksraadslid in die volgende plaaslikeregeringsverkiesings te werf nie.

**Verklaring**

Wyknommer:

Ek, ……………………………………., verklaar dat ek die gedragskode vir wykskomiteelede gelees het en dat ek dit verstaan en instem om in die uitvoering van my pligte en funksies as 'n wykskomiteelid deur die gedragskode gebind te word.

Handtekening: Datum: